# QUO VADIS, OPVOEDER?

Na 'n afwesigheid van ses maande in Europa, waar mens die geleentheid gehad het om intiem kennis te maak met die opvoedings- en onderwysprobleme van ander lande, voel mens huiweriger as ooit om iets oor ons eie te sê. Hoeveel mens daar ook geleer het, een ding besef jy terdeë: geen een daarvan kan huid en haar hier na ons toe oorgeplant word nie. Wat daar goed gewerk het, kan by ons maklik 'n onding word. Elke probleem is so intiem geweef in die volkspatroon en harmonieer met die aard en die verlede van daardie volk, dat dit hier by ons, so nie 'n wanklank nie, dan tog 'n onpaslike geluid sal veroorsaak.

Hier in ons kringe is die afgelope tyd dikwels gepraat oor die onrypheid en akademiese (en selfs intellektuele) onbevoegdheid van ons afgestudeerdes uit die middelbare skool. Voorwaar 'n

ernstige probleem wat ons nie met 'n handveeg kan verwyder nie. Maar nou vergeet ons net so dikwels dat ons hierdie probleem ook nie kan oplos deur dit uit sy hele omlysting uit te lig nie. Dit skakel so nou met ons volksaard en ons volksverlede, met ons huidige eise en behoeftes, met ons rasseprobleem selfs en met ons arbeidsbeleid en praktyk, dat ons bes moontlik baie ver van die akute probleem af sal moet aanvoor om dit uiteindelik opgelos te kry. Ons wil nie nou hier oplossings aan die hand doen nie maar slegs die gedagtes van ons lesers prikkel en hulle dan vra om hulle oplossings in hierdie rubriek aan te bied. Of sommer net hulle probleme in hierdie verband te formuleer! Engeland het sy „entrance examination" en sy „Sixth Form", Amerika sy tipies „Amerikaanse" „High School" en sy „Junior Colleges", in Europa kry ons differensiasie in die skooltipe en sy eiesoortige universiteitsopleiding, en in Transvaal die gedifferensieerde middelbare skool met sy A-, B- en C-bane of -strome. Ons staan op die vooraand van 'n groot stap vooruit in ons eie onderwysstelsel met die vooruitsig op die skepping van uniale beleid in die onderwys. Wat kan gedoen word om hierdie probleem ook sommer gelyktydig aan te durf?

* * *

Dis nie net hier by ons waar die probleem van Christelike onderwys swaar weeg nie. Holland het reeds sy eie oplossing vir die probleem gevind. Ook uit Engeland hoor ons 'n noodkreet. „The Institute of Christian Education at Home and Overseas" bestaan reeds byna 'n kwart eeu. Dis interdenominasionaal en stel hom ten doel om Christelike opvoeding te bevorder deur opvoeders en ander mense byeen te bring met die oog op die studie van Christelike onderwys in al sy aspekte, deur onderwysers te voorsien van hulpbronne om hulle taak te verrig en hulle verder te bekwaam, en deur 'n persoonlike hulpdiens daarop na te hou.

In Engeland word die huis en die kerk stadigaan as instansies om hierdie onderwys te voorsien, iets van historiese waarde. Die enigste plek waar daar nog iets gedoen kan word, is by die skoolonderrig. Daarom dat die instituut sy aandag hoofsaaklik op diensdoende en voorbereidende onderwysers aan opleidingskolleges toespits. Hulle beskou die huidige tydstip as 'n baie kritieke, want in tien of twintig jaar tyd mag die beslissing vir ons Christelike beskawing reeds geval het, een of ander kant toe. Nodeloos om te beklemtoon dat hierdie instituut in ernstige geldnood verkeer!

* * *

Ons kla so dikwels oor die gebrek aan verantwoordelikheidsin by ons middelbare skooljeug. Die vraag doen hom egter voor of ons nie reeds al ons middelbere skole beskou as bewaarhuise waar ons die jeug hou in die tydperk waar ons niks anders met hulle kan maak nie of liewers waar ons niks anders vir hulle te doen het nie. Hulle is te groot vir 'n servet en te klein vir 'n tafeldoek en nou gebruik ons hulle vir geen van beide doeleindes nie. Tog verbaas mens jou soms as jy lees hoeveel sommige skole uit die jeug haal. Dink hier maar aan sekere selfregerende skole in die buiteland, veral Amerika, en aan die sg. Waldorf-skole, waarvan een

aanstaande jaar in Rondebosch gaan open. „Daar is geen skoolhoof nie" sê Die Transvaler" van 23/10/59 in 'n artikel.

Dis leersaam om in hierdie verband kennis te neem van 'n konferensie van hoërskoolleerlinge wat op Touwsrivier gehou is in Julie jl. Die inisiatief het van die C.S.V. uitgegaan, die onderwysers het hulle seën daaroor uitgespreek en die kinders moes alles, leterlik alles, self doen. Die onderwysers van die 9 skole het hulle asem opgehou en gevrees. Maar, soos H. M. du P. dit stel in „Die Unie" van 1/10/59, „ons vrees was ongegrond" en die verrassing van die volwassenes groot. Hulle tema was: „Vyf jaar op hoërskool — word ek daardeur 'n beter mens?" Die onderwysers het veel geleer uit hierdie konferensie!

B. C. SCHUTTE.